


Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 3

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vroeë noukeurig.

(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)

Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

Voorbeeld:
Een voet, maar baie



(a) hande	(b) monde	(c) voete	(d) ore
--------------	--------------	--------------	------------

Lees die leesstukkie oor Vlekkie en omkring die korrekte antwoorde vir vroeë 1 – 10.

Vlekkie is 'n hondjie. Hy is 'n klein hondjie. Hy hou daarvan om met 'n tennisbal te speel. Hy slaap in 'n mandjie langs James se bed.

James is lief vir Vlekkie en hy speel in die middag met hom. Vlekkie jaag die katte al om die huis.

Vlekkie eet hondekos en hy hou daarvan om melk te drink.

James borsel Vlekkie se pels en bad hom eer keer 'n maand.



1. Wat is James se hondjie se naam?	(a) Vlaggie	(b) Vlekkie	(c) Vurkie	(d) Vormpie
2. James se hondjie is 'n	(a) deur	(b) duur	(c) daar	(d) dier
3. Kies die korrekte woord vir die plek waarin James se hondjie slaap.	(a) handjie	(b) mandjie	(c) bandjie	(d) randjie

Vraestelle moet in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer teruggestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saam in volgorde gehou word. Dankie.

4. Wat doen die hondjie wanneer hy 'n kat sien? Hy die kat.	(a) jaag	(b) jeug	(c) juig	(d) jong
5. Kies die korrekte woord vir 'die hare van 'n hond'.	(a) pols	(b) plas	(c) pels	(d) plus
6. 'n Ander woord vir jou dier by die huis is 'n	(a) dieretuyn	(b) plaas-dier	(c) wilde dier	(d) troeteldier
7. Watter woord <u>rym</u> met 'pels'?	(a) gesels	(b) geblaas	(c) geraas	(d) gegaps
8. Jy gaan na die om baie diere te sien.	(a) fortuin	(b) blommetuin	(c) diere-tuin	(d) groente-tuin
9. Melk is	(a) swart	(b) wit	(c) rooi	(d) pers
10. James speel sy hondjie.	(a) teen	(b) langs	(c) op	(d) met

Lees die leesstukkie en omkring die korrekte antwoorde vir vroeë 11 – 15.

Ons almal het spesiale sintuie!

Het jy geweet jou vyf primêre sintuie is:

gevoel, sig, gehoor,
smaak en reuk.

11. Ek sien met my	(a) neus	(b) mond	(c) oë	(d) ore
12. Ek voel met my	(a) hare	(b) hande	(c) honde	(d) hakke
13. Ek met my ore.	(a) hoor	(b) haar	(c) hier	(d) huur

